VEELS GELUK AAN ALMAL WAT HIERDIE WEEK VERJAAR!

Sondag:	Francois Evert, Beverley Maas, Moira Uys.
Maandag:	Bunyan Booyens, Louis Destroo, Adri Smal.
Dinsdag:	John Bougas, Chris Carstens, Nicholas Esterhuysen, Jacques Labuschagne, Elza van der Westhuizen.
Woensdag:	Freda Adams, William Chalmers, Werner Engelbrecht, Daniëlle Gerber, Karen Jurgens, Gerrie Oberholzer, Johan Rademeyer, Anneke Waldek.
Donderdag:	Eugene Kilpert, Arina Kriel, Annita Meyer, Alisa Oberholzer, Irma Olwage, Magdalena Wills.
Vrydag:	Mickey de Reuck, Marais Krüger, Les Morkel.
Saterdag:	Dewald Blatt, Alma Botha, Hannali Botha, Francois Brink, Anri Cooper, Irene de Vries, Phillip Lottering, Lise Schneider, Julian Stanley, Schalk van der Merwe, André van Zyl.

Ons herinner jou graag om **nie-bederfbare produkte**, toiletware en skoonmaakmiddels op 'n Sondag saam te bring na die erediens of by die kerkkantoor af te laai. Ons probeer om op 'n maandelikse basis kospakkies aan mense in ons eie gemeente te voorsien wat dit nie kan bekostig nie.
Jy is ook welkom om 'n finansiële bydrae hiervoor te maak.
Baie dankie vir jou hulp hiermee.

ARBEIDSBEDIENING se vrugteverkoping en koffiekroeg vind vanjaar by Strand NG Kerk op Vrydag 27 Januarie om 8:30 plaas en is die hoofbron van ons inkomste om die Woorverkondiging in die besigheid-areas van die Helderberg omgewing te bedryf. Die terugvoer uit die voorsienings-gebiede is dat die gehalte vrugte en groente vanjaar baie goed is.
U ondersteuning is vir die ARBEIDSBEDIENING van groot belang!

Maak gebruik van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon om jou bank– en dankoffer te gee.
NB: Stel jou foon se klank op geluidloos.

LEWER GERUS KOMMENTAAR aangaande die eredienste. Stuur dit na eredienste@nghottentotsholland.co.za of *anoniem* vanaf die webblad: http://nghottentotsholland.co.za/liefde-na-bo/eredienste#

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

FAMILIENUUS

SONDAG 13 JANUARIE 2019

BAIE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENSTE

09:00:	EWALD VAN RENSBURG
SKRIFLESING:	JESAJA 43:1-7
TEMA:	TE MIDDE VAN KROKODILLE EN HAAIE, ONTHOU ALTYD...
	KOM DRINK GERUS TEE NA DIE EREDIENS
19:00	EWALD VAN RENSBURG
SKRIFLESING:	FILIPPENSE 2:3-5 EN HEBREËRS 13:15-16
TEMA:	***GIVING TREE*: #OPWEG SE DNA**
	KOM KUIER VOORAF SAAM RONDOM 'N KOPPIE KOFFIE

DEUROFFERS:

Verlede week is R2224 ten bate van Straatwerk ingesamel.

Vandag se deuroffer: Paarl skool
Daar is tans 320 kinders wat by Paarl Skool vir neurale gestremde kinders te Brackenfell skoolgaan. Kinders met serebraal-, fisiese en leerafwykings, outistiese kinders en kinders wat in motorongelukke beseer is, kom na Paarl skool. Met die hulp van spraak-, arbeid- en fisioterapeute en sielkundiges, 'n verpleegsuster en spesiaal opgeleide onderwysers word elke kind geëvalueer en kry individuele aandag volgens hul onderskeie behoeftes.
Vervoer in spesiaal aangepasde busse word vir 90% van die kinders voorsien. Alhoewel die skool die normale kurrikulum van die Onderwysdepartement volg, word gespesialiseerde toerusting soos rystoele, opvoedkundige programme en spesiale rekenaars gebruik. Gemeentes se ondersteuning word opreg waardeer.

Volgende week: Carel van der Merwe Beursfonds

Leraars:	Hennie Fouché	082 859 5646;	hennie@nghottentotsholland.co.za
	Ewald J van Rensburg	082 451 2584;	ewald@nghottentotsholland.co.za
Jeugleraar:	Nicola Alberts;	074 313 7745;	nicola@nghottentotsholland.co.za

Kerkkantoor: **Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 9:00 - 13:00
Telefoon: 021 852 5004 **Faks:** 086 552 6165 admin@nghottentotsholland.co.za
Bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Takkode 632005, Rek 2900 5900 51
www.nghottentotsholland.co.za

24-UUR GEBEDSMARATHON

Ieder en 'n elk word hartlik uitgenooi om deel te neem aan die 24 - UUR GEBEDSMARATHON op 26 en 27 Januarie 2019. Net vir 15 Minute, bid sommer daar waar jy is: by jou huis of by die werk.
Ons elkeen se nuwejaarswens is om te hoop te midde van 'n deurmekaar wêreld! Die Bybel leer ons dat dit moontlik is omdat die Here ons bron van hoop is en dat ons daarom 'n hoopvolle toekoms tegemoet kan gaan!
Plaas jou naam op die gebedsrooster in die voorportaal.
"Ek wil vir julle hoop vir die toekoms gee." Jer. 29:11

'n BAIE SPESIALE WELKOM AAN AL DIE KINDERS VANDAG!

Ons hoop dat 2019 vir julle elkeen 'n **UITSTAAN-JAAR** sal wees waar elkeen van julle geleenthede sal kry om **VIR JESUS UIT TE STAAN** oral waar julle gaan.

GRAAD 1-3 kinders beweeg uit die kerk gedurende die erediens
GRAAD 4-10 EN HUL OUERS het 'n spesiale byeenkoms na die erediens in die kerkgebou (net vir 30 minute - woon dit asseblief by.)

VOLWASSENES: Almal wat graag as kategete wil dien hierdie jaar moet asb. so gou moontlik met Nicola kontak maak (Nicola.m.alberts@gmail.com of 074 313 7745)

Belydenisklasse begin Maandag, 21 Januarie om 18:00

RES VAN DIE WEEK SE PROGRAM

Dinsdag:	15:30	Gebedsgroep
	19:00	Eiendomme-diensgroep vergadering
Donderdag:	15:00	Macassar Jesusbende Werkswinkel

Ds Hennie neem langverlof in 2019: 1 Januarie - 3 Maart en 9 Julie -16 Augustus

Ou lidmate, nuwe lidmate en nuwe intrekkers:

WELKOM TERUG!

Hoop almal het heerlik uitgerus.

Nuwe intrekkers: Maak asb. kontak met die gasvrou in die voorportaal of maak 'n draai by die kerkkantoor gedurende die week. Ons wil julle graag ontmoet! Nuwe lidmaatskapvorms is in die voorportaal beskikbaar.

CAREL VAN DER MERWE BEURSFONDS:

Carel van der Merwe was die seun van ds. Gerjo van der Merwe, die eerste dominee van ons gemeente. Kort na die dood van ds. van der Merwe in 1979 het Carel in 'n ongeluk gesterf. Sy ma het as herinnering aan hom 'n bedrag geld aan die gemeente geskenk. Die Kerkraad van destyds het besluit om die geld te belê en die rente daarvan te gebruik as 'n studiebeurs (vir voorgraadse studies) vir gemeente-kinders. Sedertdien het 'n aantal lidmate die fonds versterk, en daar word ook twee maal per jaar 'n deuroffer opgeneem vir hierdie doel. Die beurs kan help om registrasiefooie te betaal.
Aansoekvorms vir die beurs is by die kerkkantoor en webblad beskikbaar. Bewys van registrasie vir 2019 asook die nuutste uitslae en 'n kort motivering moet saam met die aansoekvorm by die kerkkantoor ingehandig word.
Sluitingsdatum vir aansoeke: 28 Februarie 2019.

Kom woon gerus 'n nuwe kursus by:
"**AL DIE PLEKKE OM HEEN TE GAAN"**
(gegrond op 'n John Ortberg boek)
Die kursus begin Woensdagaand,
30 Januarie om 19:00
in die Familiekamer.
Meer inligting sal binnekort volg.



Kom maak gerus 'n draai by die kerkkantoor:

- Heerlike boerewors uit Laingsburg en koedoe-salami
- Leesroosters vir 2019 beskikbaar @ R120
- Gemeenteprogram in die voorportaal of by die kerkkantoor